

## 16 Oktober - SODOM

**Skrifgedeelte: Genesis 19:15-26 (NAV)**  
**Fokusgedeelte: Genesis 19:26**

**E**n van die mooi streke en valleie in Israel was die Jordaanvallei. Maar in daardie mooi deel van die land was die stad *Sodom* – goddeloos en diep sondig voor God (Gen 13:13).

In hierdie stad het Abraham se broerskind, Lot, gewoon. Hy was 'n regverdige man en sy siel is gepynig deur die aanskouing van die sonde van die *Sodomiete* (2 Pet 2:7, 8). Toé het God besluit om *Sodom* te vernietig. (So terloops, diewoordjie “*sodom*” kom van 'n wortelwoord wat “gebrand” beteken – dít is wat God met hierdie sondige stad sou doen).

Hoewel Abraham vir die regverdiges in die stad gepleit het – waarvan min oor was – het God Lot en sy gesin uit die stad gered.

By die straf op *Sodom* het God Lot en sy gesin beveel om nié om te kyk nie. Maar Lot se vrou het dit gedoen en is in 'n soutpilaar verander (vs 26). Só wou God Lot en sy gesin red deurdat hulle moet vlug uit *Sodom* (vs 17).

Dit beteken doodeenvoudig dat die Here ook vandag nog sy kinders wil red uit die “kloue” van sonde en ongeregtigheid. Hy beveel ons: Vlug! Dit beteken om weg te vlug van sonde; om te vlug van wat verkeerd is; om met ander woorde weg te vlug van dít wat God hartseer maak.

Hoe ons dít moet doen, kan ons verwoord as bekering. Genadiglik skenk die Here ons bekering deur sy Seun, Jesus Christus, vir die sonde te laat boet. Sodoende kan ons deur die krag van die kruisdood en verlossingsliefde van Christus elke dag tot bekering kom. Ons kan die sonde haat en ontvlug en ons kan die wil openbaar om vir God en tot eer van God te lewe.

Dít is die vrug van Christus se kruisdood.

*Sing: Psalm 146:3 (1936-beryming)*

*Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*